COMMUNITY NEWSPAPER



# GansBerg Nuus/News



PRICE R15.00

22 August 2025

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

265th Edition



TMS BOUERS

Manny 082 675 8410

admin@tmsbouers.co.za



Since 1999

NHBRC NO: 3000265163 REG NO: 1999/031335/23

# Organ Donations... a legacy of hope and love

The heartbreaking yet courageous story of Liezel (44) Reyneke, her husband Tyroone, and their daughter, Zeta, began back in 2002 when Liezel was diagnosed with Type 1 Diabetes. She was immediately placed on insulin (three times a day). “Diabetes has a major impact on your body, and Liezel's eyesight started deteriorating. Every eight weeks she had to receive injections in her eyes to delay blindness,” recalls her mother, Katri Lombaard. “In 2022 Liezel received the news no one ever wants to hear - she was diagnosed with Stage 4 kidney failure and had to undergo dialysis twice a week for four hours each session.”



*Liezel Reyneke, Zeta (daughter) and Tyroone (husband).*

This year she was placed on the donor list for a kidney. Sadly, the waiting period is 7 to 13 years. Her specialist advised the family to launch their own campaign for a kidney, as Liezel urgently needs a transplant. Katri explains that they were not allowed to ask directly for a kidney donation. “As Liezel's mother, I felt it was my responsibility to pray earnestly for a breakthrough. The Lord heard our prayers, and it was such an experience to see how everything began falling into place,” Katri shares. “We started a WhatsApp group, not to ask for a kidney, but to ask for prayers.” They needed a venue for an event, and the NG Church in Onrus made all their facilities available free of charge. “The plans for the event came together like a puzzle, with God placing each piece exactly where it needed to be,” she says excitedly. A committee of four women was formed, with each one taking on her share of the work.

***Continue on page 2***

BATTERY CORP



WE STOCK THE FOLLOWING

- ALL AUTOMOTIVE BATTERIES
- DEEP CYCLE GEL BATTERIES
- LITHIUM BATTERIES
- GOLF CAR BATTERIES
- MOTORCYCLE BATTERIES
- SOLAR PANELS
- INVERTORS



DEKRO PAINTS

- ALL MARINE PAINTS AVAILABLE AT BATTERY CORP

WWW.BATTERYCORP.CO.ZA 25 MAIN RD GANSBAAI 083 286 8040 WWW.DEKRO.CO.ZA

A prestigious function was held on 13 August 2025, attended by about 200 guests, including Michelle van Zyl, owner of *Gans-Berg Nuus*. Popular actor Gerald Steyn from *Binnelanders* acted as master of ceremonies. The guest speaker for the evening was motivational speaker Lynette Beer, whose theme was: *"If you want to, you can!"* Lynette also spoke about the South African Organ Donor Foundation, a non-profit organisation, pointing out that only 0.2% of the population is registered as organ donors. "My main goal with the function was to create awareness about organ donation and its importance," says Katri. "I am so grateful that 53 guests registered as organ donors during the evening - a free and simple process." In the case of a kidney, donations can also be made by living donors.
Elzette from Blue Berry treated guests to delicious biltong, tomato and chicken soups, served with a variety of freshly baked breads, as well as an assortment of tempting desserts. Katri borrowed plants for décor from Super Plants, whose owner then donated two of them to be auctioned off - one fetching R2,200 and the other R2,300!



*Liezel Reyneke, Gerald Steyn, Lynette Beer and Katri Jordaan.*

A live interview with Radio Overberg presenter Letty-Ann Möller, held shortly before the event, also made a huge difference to the evening's success. Katri had the opportunity to share Liezel's journey from the beginning with listeners, while also explaining the main purpose of the event. "I'm truly grateful for this opportunity, and I believe it will greatly help both us and the Organ Donor Foundation," Katri said with emotion. It is important to note that if someone wishes to donate a kidney to Liezel, there are no medical costs involved - her medical aid covers everything - Liezel's blood type is O-positive.
The Organ Donor Foundation can be contacted at **0800 22 66 11** (toll-free), or you can visit their website: **odf.org.za**. Registration is quick, free, and it can save lives.
As someone once said: *"Let us not live only for ourselves, but let us leave behind a legacy of hope and love."*

**Hardus Botha**



*Natali and Gerald Steyn.*



*Lynette Beer.*



*Katri Jordaan and Gerald Steyn.*




*Learners from Curro Hermanus High School who assisted at the event.*

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




# Major renosterveld conservation win secures habitat for Endangered Black Harriers

A 270-hectare stretch of renosterveld - one of South Africa's most threatened vegetation types - has been secured for long-term conservation in the Overberg. The Overberg Renosterveld Trust (ORT), in partnership with the UK-based World Land Trust (WLT) and a philanthropic trust, the Mapula Trust, has purchased a portion of a property called Goereesoe situated between Bredasdorp and Swellendam.



This site safeguards some of the last remaining fragments of Endangered Eastern Rûens Shale Renosterveld - home to a wealth of endemic plant species. It is also a crucial stronghold for the Endangered Black Harrier, which has fewer than 500 breeding pairs left in the wild. Only around 5% of the Overberg's renosterveld remains, much of it lost in past decades to agriculture. Each patch that survives is vital, not only for rare and endemic plants but for the wildlife that depends on it.

**Verging on extinction**

"This is a significant win for renosterveld and the Black Harrier,"



says Dr Odette Curtis-Scott, CEO of the Overberg Renosterveld Trust. "Goereesoe is one of the most important breeding sites for Black Harriers, with the highest known density of nests in a given year. By securing this land, we are protecting critical habitat and species whose futures are teetering on a knife edge." The property supports up to 20 pairs of breeding Black Harriers. Together with the neighbouring Haarwegskloof Renosterveld Reserve (a recently-declared Nature Reserve) and Plaatjieskraal, which are both also managed by the ORT, around 30 pairs of breeding Black Harriers rely on this cluster of renosterveld - equating to at least 6% of the global population of breeding pairs of this endemic raptor.

According to Dr Catherine Barnard, CEO World Land Trust, "This acquisition will play an important role in renosterveld conservation. Protecting this site means safeguarding one of the most threatened ecosystems on Earth, and the species that depend on it. It's a culmination of a lot of hard work from Odette and the ORT team."

In addition to purchasing land in this biodiversity hotspot, the ORT is also working with farming neighbours, such as the adjacent Muurkraal Conservation Easement site, to grow this conservation corridor. She says, "It means that wildlife, especially our precious pollinators and invertebrates, can move freely and safely across these natural remnant patches in this highly transformed landscape. Our ultimate goal being to protect as much of the remaining biodiversity as possible, building ecological resilience to future land-use and climate change."

(Article shortened: Hardus Botha)



(*Drone picture - Grant Forbes; Other - Odette Curtis-Scott*).

**Heather D'Alton: Communication officer - NWSMA.**









# Gansbaai verloor 'Kersliggies-legende' - Danie Maree

Danie Maree (65), afgetrede Hoof van Elektriese Dienste vir Gansbaai-, Stanford- en later Overstrand Munisipaliteit, se afsterwe op 26 Julie 2025 het 'n groot leemte onder sy gesin, familie, vriende, die gemeenskap en sy voormalige kollegas gelaat. "Hy was 'n man van integriteit en deernis - sy omgee-hart en leierskapsvermoëns het menige mense se lewens verander en verbeter," skryf Danie se kollegas in 'n huldeblyk namens Overstrand Munisipaliteit.

Danie is verlede jaar met longfibrose, onder die versamelnaam pulmonale siektes, gediagnoseer. Sy longe het, sonder dat hy ooit gerook het, sodanig agteruitgegaan dat hy op 30 Junie 2024 medies moes aftree. Sowat 'n jaar later het die siekte die oorhand gekry.

Danie is op 22 Maart 1960 gebore en was vir meer as 30 jaar 'n Gansbaaier. Hy het aanvanklik vir die Overberg Distriksmunisipaliteit gewerk, waarna hy op 1 April 1993 na Gansbaai Munisipaliteit se Elektriese Dienste oorgeplaas is. Daar het hy homself oor 'n tydperk van 31 jaar tot Hoof van Elektriese Dienste opgewerk. "Ek het vir 15 jaar direk aan Danie in Ondersteuningsdienste gerapporteer en hom deurgaans as 'n leiersfiguur met integriteit en 'n omgee-hart ervaar," vertel Marissa Radyn van GIS Ondersteuningsdienste. "Hy het opleidingsgeleenthede vir ons geskep en wat ons vandag is, is aan



Danie Maree

hom te danke - meeste van ons elektrisiëns het onder hom as handlangers begin werk."

Om na al Danie se suksesvolle projekte te verwys, is 'n onbegonne taak. Hier is net enkele hoogtepunte: Gansbaai se Kersliggies, wat hy van die begin af oor dekades heen gedryf en uitgebou het; elektrisiteitsnetwerk-opgraderings vanaf bogronds na ondergronds; die nuwe Birkenhead 66kV-substasie wat op 26 Junie 2025 geopen is, met Danie wat reeds te swak was om dit by te woon. Hy was ook baie betrokke by SARPA (South African Revenue Protection Association) en AMEU (Association of Municipal Electricity Utilities).
Gansbaai/Stanford se voormalige Areabestuurder, Kat Myburgh, het hom in sy huldeblyk by bogenoemde projekte aangesluit. "Danie was 'n man wat vir meer as 30 jaar 'n passie gehad het vir die voorsiening van elektrisiteit aan die inwoners van Gansbaai," het Kat gesê. "Hy was altyd besig met langtermynbeplanning en sy proaktiewe ingesteldheid het gesorg dat daar altyd betyds in die begroting voorsiening vir projekte gemaak is." Kat sê met Danie se koms vanaf Caledon in die vroeë negentigerjare was daar geweldige agterstande. "Die verouderde elektriese netwerk tussen Gansbaai en Pearly Beach is maar een voorbeeld - ons erken sy nalatenskap en die verskil wat hy in Gansbaai en Stanford gemaak het - ons gaan jou mis, Danie!"

Danie was 'n merkwaardige mens met 'n groot omgee-hart vir sy gesin, vriende, die gemeenskap en sy kollegas - hy het diep spore in die lewens van almal oor jare heen getrap. Dit het ook geblyk uit verskeie huldeblyke wat deur gesinslede tydens sy gedenkdiens voorgelees is. Danie se getroue vriend en woonstelbewoner by hom vir 18 jaar, Derick Jerrard (86), sê hy het Danie nog altyd as sy "pa" en "mentor" beskou.

'n Gedenkdiens is op Vrydag, 8 Augustus 2025 in die NG Kerk deur ds. Willie Kotze aangebied. Danie laat sy dogter, Marilise, sy seun, Rudi, en 'n kleinseun, Matio (3), agter, asook sy getroue lewensmaat vir die afgelope vyf jaar, Marietjie du Toit.

**Hardus Botha**



*Danie se direkte span met sy aftrede op 30 Junie 2024: Voor - Tracy Appel en Hesmarie Engelbrecht . Agter - Herman Coetzee (Direkteur), Marissa Radyn, Stephen Muller, Danie Maree en Keke Motsoai.*



*Annelie Lourens, Marzaan Middelton, Danie Maree, Defrane Dahl - Danie se aftrede op 30 Junie 2024.*



# Ons verken Botswana en Namibië -Deel 4-







In Deel 4 gaan ons voort met die egpare Fanie en Judy Bothma (toerleiers) van Franskraal en Dolf en Elna Nel van Saldanha se reis deur Botswana en Namibië (8 Mei tot 27 Junie). Elna Nel se kunstige dagboek, *BOT-NAM Avontuur*, is steeds 'n bron van uitstekende inligting.

26 Mei 2025, Dag 19 - die egpare ry vanaf Katima Mulilo na Divundu en Ngepi Camp. Elna skryf dat hulle verby informele dorpshuisies van klei en/of strooi ry, met piepklein winkeltjies en stalletjies. Een naam lees: *Six Pence Village One*. Hulle sien borde wat die Rupara




Nasionale Park en Ndumo Nasionale Park na links aandui voordat hulle by Kongola aankom. Voor hulle Ngepi Camp bereik, ry hulle deur pragtige natuurskoon en oor 'n brug met 'n asemrowende uitsig oor die Okavangorivier. Die mede-eienaars van Ngepi is Suid-Afrikaners, Shannon en haar man, Gareth. Ons egpare kamp op die gras in die lagwekkend en komies ingerigte kampterrein. Daar is verskeie ablusiegeriewe en storte met beskrywende en humoristiese name. Daar is selfs 'n swembad wat van dik staaltraliewerk gebou is en in die Okavangorivier dryf, sodat mense tussen die krokodille en seekoeie kan swem.

Na ontbyt beweeg hulle na die makoro's van glasvesel - nie soos die oorspronklike houtkanoeë nie. Sodoende word minder bome afgekap en baie arbeidstyd word gespaar. Hulle gids, Celestino, verduidelik mooi hoe hulle moet sit en balanseer om nie krokodilkos te word nie! Elna skryf: “Ons konsentreer baie mooi, maar hoor die volgende gesprek op die water: 'Stefaans (Fanie), sit stil!' - 'Judy, ek sit so stil ek haal amper nie asem nie!'.” Benoud of nie, die egpare beleef 'n ongelooflike 2½ uur op die



Okavangorivier - onder andere met 'n groot groep seekoeie baie naby aan hulle. Daar is ook 'n verskeidenheid van voëls, wilde makoue en selfs baie kolganse, asook die skaars dwerglangtoon (*Lesser Jacana*).

Die volgende dag ry hulle bietjie rond, onder meer na 32 Bataljon (ou SADF-militêre basis), waar die bekende kol. Breytenbach met sy troepe gestasioneer was. In die Bwabwata Nasionale Park draai



hulle af na die Buffalo-sektor. Die hoeveelheid murasies skep die indruk dat dit eens 'n baie groot weermagkamp was, wat nou deel van die Nasionale Park is. Dit is toelaatbaar om in die park jou voertuig te verlaat en in die veld piekniek te hou - jy word net gewaarsku om bedag te wees op wilde diere soos leeus, olifante, ensovoorts. Op pad terug na die Ngepi-kampterrein was die egpare gelukkig om groot hoeveelhede diere te sien, insluitend olifante en seekoeie.

Die volgende oggend ry hulle in Rundu se rigting en verby baie



saamgebondelde gehuggies. Op pad na Grootfontein ry hulle deur die Rooilyn - Mururani (Otjozondjupa-streek) Animal Disease Checkpoint, waar geen rou vleis vanaf noord na suid vervoer mag word nie as gevolg van bek-en-klouseerbesmetting. Hulle ry ook verby die Mangetti Nasionale Park en tussen Tsumeb en Grootfontein kom hulle by die Kupferquelle Resort aan - waar behoorlike luuksheid op hulle wag! In Tsumeb kon hulle ook hul voorrade aanvul, aangesien daar vir die volgende 14



dae geen winkels beskikbaar is nie. In hierdie berig fokus ons op enkele komiese foto's.

Na nóg 'n interessante gedeelte verken ons Namibië volgende week in Deel 5 verder saam met die egpare op pad na Ruacana en oornagplekke langs die Kunenerivier.

**Hardus Botha**



# Maak jou veters vas... met Gans-Berg Nuus

En so word ek, Michelle van Zyl van Gans-Berg Nuus, en my vriendin, Marilé Geldenhuys, weer eens nuuskierig oor wat in ons areas aangaan. Die wat ons ken, weet mos - dit vat nie baie nie! So, daar vat ons toe nou Saterdagoggend 16 Augustus 2025, die pad uit Gansbaai, deur B'Bos en Elim na die onbekende plekkie wat weggesteek is op die grondpad tussen De Damme en Strandveld Wynplaas, naby Bredasdorp.

Maar mênse, sê ek nou vir jou, was dit nou 'n belewenis?! Eers die beeste en melkplase wat ons aandag trek, en toe die mooi dorpie Elim waardeur jy ry. Die pragtige Morawiese dorp waar mense omtrent by elke tweede huis by die deur staan en loer wie en wat in die hoofstraat verbyry - en met 'n glimlag en wuifende hand jou begroet. Selfs die honde loop in die strate rond en lyk asof hulle vir jou glimlag. So ry ons verby Black Oystercatcher - ja, net so 'n mooi plek wat jy ook maar gerus kan besoek, hoor.

Toe kom ons by die pad wat afdraai na Wolvengat. Ons draai toe af en vat die grondpad vir 'n hele paar kilometers - wat glad nie ver gevoel het nie, want die groen van die lusern en die asemrowende geel van die kanola-lande vang ons oog. Dit was só mooi dat ons kort-kort moes stop om foto's te neem. Nou ja, na dié belewenis bereik ons toe ons bestemming: Wolvengat. Die klein ou dorpie is geleë in 'n gat tussen hoë heuwels, met 'n kerk, begraafplase, biblioteek, handelshuis, gemeenskapsaal en nog soveel meer om te ontdek.

Ons gaan loer toe in by die gemeenskapsaal, wat oorspronklik 'n kerk was en later omskep is in 'n saal, en wat tans deur 'n privaat eienaar besit word. Ek gesels toe met van die inwoners van die rustige plekkie, wat alte vriendelik by die "Wolvengat se stoepmark" bymekaar gekom het om van alles en nog wat te verkoop. My mêns, dit was nou lekker! Gans-Berg Nuus is met 'n heerlike koppie koffie en die allermintigste, sagste roomkoek verwelkom. Kie, was natuurlik besig om haarself te verloor tussen die items in die "*charity shop*", soos altyd.

Ons het gesien, geproe en toe natuurlik genoeg gekoop dat almal by die huis ook kon proe - net genoeg dat hulle volgende keer self moet gaan loer. Daar was van juweliersware, kledingstukke, koffie, cupcakes, groente, ingelegte produkte, warm eetgoed en nog wat om aan te smul, terwyl jy heerlik sit, met die gemeenskap gesels en sommer nuwe vriende maak. Daar was mense van oral - Engels en Afrikaans, "*locals*" van Wolvengat self, Franskraal, Gansbaai, Bredasdorp, B'Bos en selfs mense wat onlangs van Pretoria af verhuis en hulle in ons rustige B'Bos omgewing kom vestig het. Julle, mens kan nie die gevoel van hierdie klein plekkie beskryf nie - dit moet jy self ervaar: van die reuk van die bome buite tot die geur van die ou houtvloere in die kerk. Toe is ons natuurlik braaf genoeg om die begraafplaas te gaan verken - grafte wat terugdateer tot omstreeks 1934, en ander wat só oud is dat die besonderhede op die grafstene al naamloos geword het.

Die gasvryheid van die "*locals*" wat die res van die gemeenskap wil betrek en 'n verskil wil maak in die dorp - wel, ek gee julle 10 uit 10! Gaan loer gerus elke tweede Saterdagoggend van 10:00 tot 12:30 in by Wolvengat. Hou ook Gans-Berg Nuus se Facebook, weeklikse koerant, TikTok en ons kanaal dop vir ons volgende avontuur.

**Maak jou veters vas...**
**met Gans-Berg Nuus.**















# Fynbostyd in Groter Gansbaai

Die wintermaande se Fynbostyd in Groter Gansbaai bly 'n uitsonderlike natuurskoonheid vir almal wat nie Namakwaland se blomme kan gaan kyk nie.

Kyk maar net rondom ons om ons eie natuurskoon te bewonder.

Langs die R43 is die veld al pragtig met pienk heide-Erika's (*Erica irregularis*), net om een voorbeeld te noem.

Grootbos Foundation het enkele foto's aan die Gans-Berg Nuus gestuur.

**Hardus Botha**


Pienk Heide (Erica irregularis).



Babiana nana.


Wit Koningsprotea.




# Jong navorser voer onderhoud met Gans-Berg Nuus

“Sal die Gans-Berg Nuus bereid wees om 'n onderhoud aan my broerskind vir 'n skooltaak toe te staan?” kom die benoude stem van Jolandé Sauls, Bestuurder van Ikamva Jeugontwikkeling, oor die foon. Die onderhoud is gereël - dit is juis hoekom die Gans-Berg Nuus 'n gemeenskapskoerant is!


Monecia Sauls

Die 'onderhoudvoerder' was die pragtige Monecia Sauls (14), 'n Graad 11-leerder van Hermanus Hoërskool. Die skooltaak was vir Geografie, met die tema: Nedersettings en Navorsing. Monecia moes twee onderhoude spesifiek oor Gansbaai voer. Sy het haarself op 'n vriendelike en beleefde wyse uitstekend van haar taak gekwyt.

Haar vrae was duidelik en relevant, onder meer oor sosiale- en omgewingsprobleme in Gansbaai, asook moontlike oplossings daarvoor. Sy het ook deeglike navorsing oor belangrike plekke in Gansbaai gedoen en vrae in daardie verband gestel. (Die inhoud van die volledige onderhoud bly 'n 'geheim' om nie die inhoud van haar taak te verklap nie!)

Tydens die onderhoud met Monecia was dit 'n aangename verrassing om te sien hoe volwasse sy die gesprek hanteer het - dit was duidelik dat sy geweet het wat sy wou hê. Die Gans-Berg Nuus wens Monecia sterkte toe met haar taak en hou duim vas vir 'n uitstekende punte-toekenning!

**Hardus Botha**

# Sanparks, CapeNature & City of Cape Town, Baboon Management

The *Cape Peninsula Baboon Management Joint Task Team* (CPBMJTT) consisting of representatives from SANParks, CapeNature, and the City of Cape Town, wants to inform residents, interested parties, and stakeholders that the independent expert panel's review of the proposed action plan on baboon management is now available to the public.

The CPBMJTT recently presented a proposed way forward with the implementation of the Cape Peninsula Baboon Strategic Management Plan (CPBSMP) to the Baboon Advisory Group. The CPBSMP provides the framework for the sustainable management of the Cape Peninsula's Chacma baboons, and the proposed Action Plan which will give effect to the CPBSMP was submitted to a panel of experts for their review and critique.

*The experts were requested to submit input on the following topics:*
**Ecological principles for managing a wildlife population that is isolated within the context of an urban environment; **Whether the action plan presents a practical and balanced approach to wildlife management in an urban setting; **The proposed removal of four troops that inhabit the urban areas of Cape Town; **The proposal that no new troops be allowed to become established in new areas; **The emphasis on reducing the extent of and reliance on aversive tools such as paintballing, noise, herding; **The proposed northern baboon fence; **The recommended contraception trial amongst the northern troops where population densities are high; **The need to set upper limits to population numbers of baboons on the peninsula; **The proposed approach regarding dispersing males; **The Revised Guidelines; **The recommendation of an urban wildlife bylaw to offer better protection to baboons on the peninsula; **To provide an overall critique of the proposed action plan.

It is important to note that the expert panel was not tasked with instructing the authorities on what actions to take, but rather to independently assess and critique what the CPBMJTT is proposing to be done and to offer alternatives where proposed actions are not supported.

The CPBMJTT recently received the review, and has prepared a comments-and-response report in reply to the panel's input so that there is a clear and transparent record available to affected communities, interested parties, stakeholders, as well as the broader public.

The review, as well as the comments-and-response report are available here: https://baboons.org.za
It is important to clarify that no decisions have been made as yet regarding the proposed removal of the four troops and the Da Gama 4 from the Cape Peninsula.
**CapeNature General Manager:**
**Advocacy Petro van Rhyn**

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |




## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Nico Groenewald - 073 919 7777
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# Franskraal Rolbalklub Opwindende Rolbalprogram

"Ná al die koue en winde van die wintermaande kan mense na (hopelik) warmer weer en meer buitemuurse aktiwiteite uitsien vanaf Septembermaand," vertel Gerrit Cloete, wat deur Franskraal Rolbalbestuur aangewys is om as Media- en Skakelbeampte voortaan die Gans-Berg Nuus op hoogte van rolbaltoere en -wedstryde te hou. "Franskraal Rolbalklub gaan die lente aanstaande maand met drie besondere gebeurtenisse inlei."

Die program begin met 'n vierspeltoernooi, geborg deur die Arrie Nel-apteekgroep, op Saterdag, 6 September 2025. Elke span bestaan uit twee klublede en twee sosiale spelers (nie-lede van enige klub). Dié toernooi was nog altyd baie gewild en fokus op lekker sosiale samesyn. Elke span speel twee wedstryde van 10 skofte elk. "Spel begin om 13:00 vir 13:30, ter wille van diegene wat die oggend nog moet werk," het Gerrit gesê. "Inskrywingsgeld van R100 per speler sluit 'n bielie van 'n worsrol in." Sosiale spelers wat graag wil deelneem, kan Kokkie de Kock by 083 457 2040 skakel.
Die daaropvolgende Saterdag, 13 September 2025, word 'n braai ter viering van Franskraal Rolbalklub se oudste spelende lid, Pieter Beukes, se 90ste verjaardag (twee weke later) aangebied. Gerrit sê die belangstelling loop hoog vir hierdie makietie ter ere van 'n geliefde en gerespekteerde klublid.

Op 27 September 2025 is daar 'n ope driespeltoernooi waaraan spanne van ander klubs ook gaan deelneem. Gerrit sê verskeie inskrywings is reeds ontvang vir dié heeldagtoernooi wat deur Avbob geborg word. Drie wedstryde van 15 skofte elk word beoog, met die prysuitdeling daarna. "Kom maak gerus 'n draai by Franskraal Rolbalklub in Naudéstraat – jy kry dalk sommer lus vir 'n heerlike, gesellige en sosiale aktiwiteit, met die klub wat nuwe lede verwelkom."
*(Argieffoto: Gans-Berg Nuus)*



**Hardus Botha**

# Gansbaai Skietklub... soveelste inbraak lei tot beloning

"Na die soveelste inbraak - te veel om op te noem - het ons ná die laaste voorval besluit om 'n beloning aan te bied vir inligting wat sal lei tot die arrestasie én skuldigbevinding van die skuldiges," het Andrew McQueen, voorsitter van die Gansbaai Skietklub, aan die *Gans-Berg Nuus* meegedeel.

Baie berigte is in die verlede al geplaas oor diefstal, inbrake en blatante beskadiging van die klub se gebou: gate word in die mure gekap, traliewerke word uitgebreek, toerusting word gesteel en die heining is al herhaaldelik afgebreek. Ongelukkig is die gebou "ideaal" geleë vir boosdoeners om by in te breek sonder om veel aandag te trek. Onlangs is weer groot skade aangerig en goedere gesteel.

Indien misdadigers op soek is na vuurwapens, is die ironie dat geen vuurwapens of ammunisie daar geberg word nie. Dit is 'n logiese voorsorgmaatreël - maar skynbaar nie in misdadigers se denke nie.

Die bestuur van die Gansbaai Skietklub bied nou, uit pure radeloosheid, **'n beloning van R10 000** aan vir inligting wat sal lei tot die arrestasie en skuldigbevinding van die boosdoeners - 'n beloning wat beslis nie te versmaai is nie! Informante se name sal streng vertroulik hanteer word.

Andrew McQueen kan by **028 384 0079** gekontak word.

**Hardus Botha**


*Gate waar diefwering uitgebreek is.*


*(Argieffoto: Gans-Berg Nuus)*

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 22/08/2025 | Saturday 23/08/2025 | Sunday 24/08/2025 | Monday 25/08/2025 | Tuesday 26/08/2025 | Wednesday 27/08/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| 15° | 14° | 14° | 15° | 15° | 17° |
| Strong Breeze 11 m/s from west 0.4 mm precipitation. | Strong Breeze 13 m/s from west 0.9 mm precipitation. | Gentle Breeze 5 m/s from west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 8 m/s from south-west 0.2 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from north-west 1.2 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 22 August | 0242 | 1503 | 0852 | 2116 |
| 23 August | 0318 | 1536 | 0924 | 2148 |
| 24 August | 0350 | 1607 | 0953 | 2218 |
| 25 August | 0421 | 1637 | 1021 | 2246 |
| 26 August | 0450 | 1706 | 1048 | 2313 |
| 27 August | 0519 | 1734 | 1115 | 2341 |
| 28 August | 0547 | 1802 | 1142 | 0011 |
| 29 August | 0618 | 1833 | 1211 | 0046 |
| 30 August | 0655 | 1910 | 1246 | 0134 |
| 31 August | 0747 | 2009 | 1339 | 0200 |
| 1 September | 0934 | 2207 | 0302 | 1543 |
| 2 September | 1148 | 2358 | 0507 | 1751 |
| 3 September | 1248 | 0057 | 0622 | 1852 |
| 4 September | 1327 | 0138 | 0708 | 1933 |

# CLASSIFIEDS

**FRIDGE & FREEZER**
**Repairs**
Robert Pace: 082 895 4546

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

**Gansbaai Precast: 066 495 0474**
50% Afslag op Vibracrete "off cuts" 20 of meer
Prys sonder afslag:
300 en 400's - R10
500 en 600's - R15
700 en 800's - R20
*Spesiale aanbod geldig tot voorraad hou.*


**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
10 Jaar waarborg op materiaal
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter
(Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**
Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*
Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*
WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

GANSBAAI PROPERTIES
028 384 1197 082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property

**BOSMAN VERWERS**
Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak

Hennie & Elana Bosman
082 570 0907 / 082 533 3580



**PLACE YOUR ADVERT HERE**

**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**
Hardus:082 786 0494
info2@gansberg.co.za

**FRANSKRAAL VEHICLE SERVICING**
CONTACT AUBREY
076 651 6789

UNITY SERVICE RECOVERY
ALCOHOLICS ANONYMOUS
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

SPRINGBOKS
## 2025 SPRINGBOK FIXTURES — Live Screening Events

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Sat, 23 August** SA vs Australia | **Sat, 13 September** SA vs New Zealand | **Sat, 4 October** SA vs Argentina | **Sat, 15 November** SA vs Italy |
| **Sat, 6 September** SA vs New Zealand | **Sat, 27 September** SA vs Argentina | **Sat, 8 November** SA vs France | **Sat, 22 November** SA vs Ireland |



# BRAIN TEASERS / KOPKRAPPERS

## Colour me in....



| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2 | | | | 5 | |
| 7 | | | 9 | 3 | | 8 | | 2 |
| | 6 | | | | 5 | | | |
| | 9 | | 7 | | | | 8 | |
| | 5 | 8 | | | | | 9 | |
| 6 | 4 | | 3 | | | | | |
| | | | | 4 | 7 | | | |
| | 8 | | | | | | 1 | |
| | | | | | 1 | 9 | | |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| O | G | L | Y | Z | Y | L | J | T | N | O | R | F | D | L | O | C |
| E | C | D | L | U | K | M | L | D | H | A | H | F | Y | H | U | V |
| V | T | Y | D | I | H | T | O | A | E | U | E | S | F | T | I | T |
| A | M | S | C | H | H | W | H | H | U | N | M | P | O | S | J | C |
| W | E | U | T | L | N | C | L | E | A | Q | F | I | I | U | S | E |
| T | T | C | S | P | O | T | D | C | R | N | S | B | D | N | L | T |
| A | E | P | O | R | E | N | I | N | G | M | I | O | D | A | E | A |
| E | O | U | R | J | E | R | E | N | I | L | O | R | B | M | E | M |
| H | R | M | F | T | R | W | I | K | I | W | A | M | M | I | T | I |
| U | O | O | S | U | R | X | O | T | F | Z | M | P | E | M | D | L |
| I | L | F | H | N | E | A | Y | H | Z | Z | G | M | J | T | Q | C |
| F | O | R | E | C | A | S | T | I | S | V | B | J | X | F | E | F |
| G | G | W | I | D | O | O | L | F | T | O | R | N | A | D | O | R |
| S | Y | J | R | I | G | B | N | O | O | S | N | O | M | P | P | L |

BLIZZARD
CLIMATE
COLD FRONT
CYCLONE
DOWNPOUR
FLOOD
FOG
FORECAST
HEAT WAVE
HUMID
HURRICANE
ICE
METEOROLOGY
MONSOON
SHOWER
SLEET
THERMOMETER
TORNADO
TSUNAMI
VISIBILITY
WIND CHILL

## ANSWERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | 5 | 9 | 8 | 1 | 3 | 6 | 2 | 4 |
| 8 | 2 | 6 | 9 | 7 | 4 | 1 | 3 | 5 |
| 3 | 4 | 1 | 2 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 4 | 6 | 7 | 5 | 2 | 1 | 8 | 9 | 3 |
| 9 | 3 | 5 | 6 | 4 | 8 | 2 | 1 | 7 |
| 1 | 8 | 2 | 3 | 9 | 7 | 4 | 5 | 6 |
| 6 | 7 | 8 | 1 | 3 | 9 | 5 | 4 | 2 |
| 2 | 9 | 4 | 7 | 8 | 5 | 3 | 6 | 1 |
| 5 | 1 | 3 | 4 | 6 | 2 | 9 | 7 | 8 |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| V | N | A | H | R | H | N | I | T | F | S | Y | V | P | V | F | A |
| U | O | U | Q | T | S | I | M | A | T | T | U | B | I | T | E | R |
| T | O | Q | R | B | W | A | H | O | I | J | O | Z | H | R | Z | L |
| B | H | Y | I | O | J | R | R | D | E | M | F | G | H | S | E | I |
| X | P | U | N | X | E | M | I | L | O | H | U | S | K | C | E | G |
| R | Y | S | N | N | A | M | B | A | R | O | M | E | T | E | R | H |
| O | T | S | H | D | U | K | A | A | R | Z | B | O | T | U | F | T |
| H | V | E | E | H | E | S | Y | D | F | D | K | H | O | T | N | N |
| W | I | E | K | I | E | R | U | T | A | R | E | P | M | E | T | I |
| T | I | Q | R | X | R | X | V | C | B | I | S | U | P | M | F | N |
| X | A | N | V | C | U | R | O | T | Y | Z | W | L | I | D | A | G |
| H | M | P | D | P | A | L | U | L | U | Z | G | U | I | H | Z | F |
| Y | C | L | O | U | D | S | R | L | N | L | I | R | K | A | E | N |
| S | U | I | S | L | E | C | T | W | F | E | G | E | Y | H | H | O |

# Gansbaai Gholfklub

**Gekombineerde Stableford wenners is Stephen Brown en Pieter Kruger**

Stephen Brown & Pieter Kruger wen Saterdag, 16 Augustus 2025 se Gekombineerde Stableford kompetisie, met Johan Coetzee en Bertie Laubscher wat elk 'n Spog Twee aanteken.

**Woensdag, 13 Augustus:**
Joe Cesare wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie met 38 punte, gevolg deur Christo Spanellis 38, Rene Myburgh 37, Dawie Viljoen 37, Solly Wessels 37, Philip Taylor 36, Cobus Dippenaar 36, Marie Fourie 36, Clive Bailey 34 en Marietjie de Villiers 33.
Spog Twee: Christo Spanellis (15).


*Joe Cesare*


*Pero Heyns*


*Stephen Brown en Pieter Kruger*

**Vrydag, 15 Augustus:**
Pero Heyns wen die 9-putjie Enkel Stableford met 23 punte, gevolg deur Pietie Uys 22, Koos Myburgh 20, Andrew Dalgleish 20, John Smith 20, Sakkie vd Merwe 17, Owen Huxham 17, Pietie Dry 17, Werner Muller 16 en Marietjie de Villiers 16.

**Saterdag, 16 Augustus:**
Stephen Brown & Pieter Kruger wen die Gekombineerde Stableford kompetisie met 69 punte, gevolg deur Cecil Galloway & Berty Sassman 66, Johan Coetzee & Clive Bailey 65, Bev Swart & Bertie Laubscher 65, Jacques Louw & Elmar Venter 64, Francois van der Merwe & Pieter Loubser 64, Andre van Niekerk & Jannes Coetzee 63, Clive Bailey & Rene Myburgh 63, JP Laubscher & Jason Dorrofield 61 en Philip Taylor & Peet Pretorius 60.
Spog Twee's: Johan Coetzee (2) en Bertie Laubscher (8).

**Saterdag, 23 Augustus:**
Kompetisie: Enkel Stableford.
**Groete,**
**Johan Coetzee**
**082 878 0543**

# Brand- en Reddingsdienste word versterk




Die Overberg-distriksmunisipaliteit se Brand- en Reddingsdienste is onlangs met noodtoerusting ter waarde van R7,7 miljoen versterk. Die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, minister Anton Bredell, het noodtoerusting ter waarde van R7,7 miljoen aan die Overberg-distriksmunisipaliteit oorhandig - insluitend twee 5 000 L-watertenks, twee ligte ondersteuningsvoertuie, 'n HAZMAT-sleepwa en befondsing vir brandbestrydingskapasiteitsbou.

Hierdie belegging is deel van die Wes-Kaapse Regering se verbintenis om gemeenskappe te beskerm, op die impak van klimaatsverandering te reageer en te verseker dat ons brandbestryders die toerusting het wat hulle nodig het om lewens te red. (*Foto's verskaf*)




**Hardus Botha**










Gans Berg Nuus/News

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford




# Posduifklubs - Leeu Gamka 3 en Hanover

**Uitslae - Leeu Gamka 3:**
Die Gansbaai Posduifklub het die afgelope naweek aan 'n wedvlug vanaf Leeu Gamka deelgeneem. Die Jaaroud-duiwe is om 09:00 losgelaat en die Ope-duiwe om 09:30. Wat die weer betref, was dit liggies bewolk met 'n noordweswind. Die bewolkte omstandighede het dit moeilik gemaak vir die duiwe om rigting na hul onderskeie hokke te kry, wat weer eens 'n harde wedvlug tot gevolg gehad het. Ons is nou halfpad deur die wedvlugseisoen en die kompetisie is baie sterk. Ek sien uit na 'n opwindende einde.

**Plaaslike klubuitslae:**
In die Jaaroud-afdeling het Johan de Villiers eerste geëindig, met Fourie Lofts in die tweede plek en Seun du Bruyn in die derde plek. Die Ope-duiwe-afdeling is deur J&J Swart gewen, met L. Groenewald in die tweede plek en J&J Swart in die derde plek.

**Overberg Posduif Unie-uitslae:**
In die Overberg Posduif Unie se uitslae het Gary Lourens die Jaaroud-afdeling gewen, met B. Groenewald in die tweede en derde plek. In die Ope-duiwe-afdeling het Neil Reynolds eerste en derde plekke behaal, met H. Germishuys tweede. Bredasdorp Klub het goed in die Overberg Posduif Unie gevlieg.


**Top 5 - Overberg Posduif Unie:**
Snr. Germishuys Hokke, G. Daniels, L. Groenewald, B. Buchianeri en C&R Kruger.

**Gansbaai-uitslae - Hanover:**
Die Gansbaai Posduifklub het twee naweke gelede aan 'n harde wedvlug vanaf Hanover deelgeneem. Die Jaaroud- en Ope-duiwe is saam om 07:15 losgelaat. Wat die weer betref, het 'n ligte noord-noordooswind gewaai, wat daartoe bygedra het dat die wedvlug lekker hard was.

**Plaaslike klubuitslae:**
In die Jaaroud-afdeling het Johan de Villiers eerste geëindig, met Fourie Lofts in die tweede plek en J&J Swart in die derde posisie. Die Ope-duiwe-afdeling is deur L. Groenewald gewen, asook die tweede plek, met Snr. Germishuys Hokke derde.


Johan de Villiers

Johan de Villiers kom van Heidelberg in die Wes-Kaap. Hy is getroud met Cindy de Villiers en hulle het drie dogters. "Ek het my liefde vir duiwe by my buurman, Oom Dan Kriek, gekry en het vir twee jaar in Heidelberg duiwe onder Oom Dan se leiding gevlieg, waar ek redelik goed gevaar het." In 2023 het Johan Gansbaai toe getrek vir werk. Hy het gehoor dat duiwe 'n 'groot ding' hier is! "An-Mari en Wessel Germishuys het my onder hulle vlerke geneem en my vinnig gehelp om my liefde vir duiwe weer uit te leef," vertel Johan. "Ek is baie dankbaar vir hulle hulp en bystand, want sonder die regte leiding kan 'n mens gou verlore raak in die sport."


J&J Swart



Gary Lourens

**Overberg Posduif Unie-uitslae:**
In die Overberg Posduif Unie se uitslae het A. van Niekerk die Jaaroud-afdeling gewen, met M&C Samuels tweede en M. Eksteen derde. In die Ope-duiwe-afdeling het Bros Buchianeri eerste plek behaal, gevolg deur M. Presence en Zeelie Lofts.


Neil Reynolds

**Top 5 - Overberg Posduif Unie:**
Snr. Germishuys Hokke, L. Groenewald, G. Daniels, B. Buchianeri en N&N Stevens.
Die klub bedank alle deelnemers vir hul toewyding en sien uit na die volgende vlug. Opvolgverslae en nuwe uitslae sal soos altyd op versoek van lesers gedeel word. Baie geluk aan al die wenners.

**Willie Marais**


L. Groenewald



Serving all your equipment hire needs
GANSBAAI
076 924 9915
gansbaai@coastalhire.co.za
7A Industry Circle, Gansbaai, 7220.
www.coastalhire.co.za
Coastal HIRE